# Askham se Wintermakietie was 'n reuse sukses

## én was vanweë die koue, 'n regte wintermakiete




deur
Nico de Wet

**ASKHAM: Dit was toe koud, maar baie lekker.**

Van ds. Frans Fouché se opening en aanhaling uit Spreuke, dat vriende mekaar vorm, dwarsdeur alle bedrywighede tot die laaste "jyenbietjie" van die aand, was die naweek 'n groot sukses.

Vrydagaand se Steak-ete by die Molopo Lodge was toe vol geboek en die steaks uit die boeke. Reinhardt Lambrecht, die bestuurder, kon toe sommer met sy 'Boer-soek-'n-vrou'-liefie spog.

Saam met die koue en Murphy, is daar 'n bietjie later as beplan die oggend weggespring, maar toe dinge eers begin vlam vat was daar geen keer nie.

Die nuwe benadering waar groter deelname van almal plaasgevind het, het dit net soveel aangenamer gemaak.

Benewens die suksesvolle "professionele" perdewedrenne met volbloedperde, was daar ook boerperdwedrenne vir die jongspan en gymkana items.

Die volgende ander items was besonder gewild: Die 400 meter tydtoetsren vir voertuie op 'n sandbaan. Was dit nie vir Bontie se diesel Toureg nie dan was die petrol Cruisers baas. Die manne en vroue het mekaar klaar belowe vir volgende jaar. Die Liefie-rally was ook baie suksesvol en 10 vroue spanne het deelgeneem. En is daar beslis Dakar potensiaal onder die groep. By die boogskiet was die wedywering net so hoog. Maar eers moes Christiaan Klindt baie opleiding gee, want die deelnemers is net gewoond aan goed wat hard klap. Askham se span was toe baas by die toutrek. Dit moet gemeld word dat hul nie-trekkende kaptein, Oom Nico, die verskil moes gewees het. Daar is verder ook nog resies gehardloop deur die kleinspan en die jongmanne. Die hoenderhaan vangery was groot sports. Klein Nicola se gesiggie het gestraal toe sy die hoender vang. Daar was ook nog skyfskiet en 'n hele klomp ander suksesvolle items.

Mens kan natuurlik nie oor die dag rapporteer as jy nie van die kos praat nie. Die lekkerste sosaties, roosterbrood en pannekoek in die hele wêreld kry jy by die Makietie, om nie van die kerriekos en poeding te praat nie. Lekker eet bly maar lekker!

Die meeste uitstallers nog, het uitgestal en almal is goed aangebied. Die skaaphanteringstoerusting was veral indrukwekkend.

Die dag is afgesluit met 'n langarm in die boerevereniging saal. Maroelaboom het gesorg vir die musiek.

Baie dankie aan ons getroue borge. Sonder hulle sou die dag nie moontlik gewees het nie. Hulle betrokkenheid by ons gemeenskap word waardeer.

Maxi en haar span het voorwaar die Askham Boeresport omvorm na 'n Askham Wintermakietie met groot belofte vir die jare wat voorlê. Baie geluk !




*Kruger du Toit was die bekkige aankondiger met sy "administrasie", Elreze Faber, links van hom*



*Die perderesies was baie gewild.*



*Christiaan Klindt van WILDMAN leer vir Manda de Wet om met die boog te skiet*



**MIER MUNICIPALITY** **ENVIROAFRICA CC**

**NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

**THE PROPOSED KALAHARI EAST PIPELINE (PHASE 1A), ASKHAM, RIETFONTEIN, NORTHERN CAPE**

DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AND NATURE CONSERVATION (DENC) REF NO: NC/BA/27/ZFM/MIE/ASK1/2014

EnviroAfrica cc has been appointed by Mier Municipality, to undertake the Environmental Impact Assessment for the proposed project. A NEMA Environmental Authorisation Application Form was submitted to the Department of Environment and Nature Conservation.

The proposed Kalahari East pipeline (Phase 1A) and reservoir includes the below activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2010. Application for environmental authorisation to undertake the following activities:

**Government Notice R544 (Listing Notice 1) (Basic Assessment): Activity No. 11, 12, 37 and 40**
**Government Notice R546 (Listing Notice 3) (Basic Assessment): Activity No. 2 and 14**

**Project Description & Location:** It is proposed that the Kalahari East Bulk Water Scheme be extended between Askham and Philandersbron.

The proposed development includes the construction of a 150km pipeline between the existing Kalahari East Bulk Water Supply pipeline (A-line), through Remainder Farm Vischgat 201 and Portion 0 of Farm Cramond 202, via the R31 to Askham, along the R360 through Haksteenpan, via Rietfontein, along the Namibiaweg Road to Philandersbron.

The majority of the pipeline will be located within the road reserve of the R31, R360 and Namibiaweg Road.
The proposed activity will also include the construction of an earth reservoir with a floating roof near Haksteenpan on Portion 130 of Farm Mier 585.
Co-ordinates: Start of Pipeline: 27° 11' 25, 12" S, 21° 13' 35, 37" E. End of Pipeline: 26° 48' 36, 01" S, 20° 05' 40, 78" E.

**Application for exemption:** The applicant has applied for exemption from Regulation 10(2)(d) of Government Notice No. R543, which states that the applicant must within 12 days of the date of the decision, place a notice in the same newspaper(s) used for the placing of advertisements as part of the public participation process, informing Interested and Affected Parties of the decision, where the decision can be accessed and the right to appeal. Registered I&AP's will be notified of the decision by post and/or preferred method of communication.

**Public Participation:** Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before 08 August 2014. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name and DENC reference numbers above, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

**Consultant:** EnviroAfrica (P.O. Box 5367, Helderberg, 7135, Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za)

